

6 Mei - GUNSGENOOT

Skrifgedeelte: Psalm 4:1-9 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 4:4, 7

Psalm 4 is 'n lied van onrus en tegelyk 'n lied van rus in God. Hierdie lied leer ons dat God alle lewensraaisels oplos deurdat Hy ons lewe in die lig van die ewigheid stel.

Nadat Dawid met Batseba owerspel gepleeg het, was daar nie meer vrede in sy huis nie; ook nie in die land nie. Oorlog en rebellie het uitgebreek. Met Absalom, sy eie seun, se opstand het hierdie swaarkry wat sy straf vir sy sonde was, 'n hoogtepunt bereik.

Hy het baie vyande gehad. Tog het hy geglo dat die Here hom sal beskerm teen hierdie vyande. Hy het op God bly vertrou, want God het hom as gunsgenoot afgesonder. Die Here het hom in die verlede uit hulle hand gered, en hy glo vas dat dit in die toekoms ook so sal wees.

Sy vyande het geen vrees en liefde vir God nie, en daarom vra hulle die twyfelvraag: *Wie sal dit weer met ons goed laat gaan?*

Maar te midde van hierdie menslike onsekerheid het Dawid geweet waar om ewige sekerheid te vind. Teenoor die twyfelvraag van die wanhopiges bid Dawid tot die Here: *Wees ons tog weer goedgesind, Here, help ons! (Verhef oor ons die lig van u aangesig, o Here!)*

In die nag van verwarring en vertwyfeling bid hy om God se goedgesindheid, God se genade en God se vrede. Hy weet dat die HERE sy gunsgenoot sal hoor.

In hierdie gebed van Dawid hoor ons die priesterlike seën: *Die Here sal jou seën en jou behoed. Die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.*

In Jesus Christus skyn die vriendelike lig van God se aangesig tot in ewigheid oor sy kerk – Hy het op Golgota die diepste donkerheid ingegaan sodat dit vir ons nooit donker sal word nie. Om Christus ontwil is ons nou God se gunsgenote. As gunsgenote het ons deel aan God se genade, aan sy goedheid.

Sing: Psalm 4:2

Ds TC de Klerk (Okahandja)